



KLAGTEPROSEDURE

(Soos gewysig op 18 Augustus 2016)

INHOUDSOPGAWE

1.	Klagtes ten opsigte van plantmateriaal uit moederblokke	3
2.	Klagtes ten opsigte van kwekerystokke	3
3.	Klagtes verwys na WVV	3
4.	Laat indiening van opgawes	4

1. KLAGTES TEN OPSIGTE VAN PLANTMATERIAAL UIT MOEDEREENHEDE

Klagtes ten opsigte van plantmateriaal deur PVO's aan kwekers voorsien, moet direk aan die betrokke PVO gerig word en binne 14 dae deur die PVO opgevolg en reggestel word waar moontlik.

2. KLAGTES TEN OPSIGTE VAN KWEKERYSTOKKE

Klagtes ten opsigte van kwekerystokke deur kwekers aan produsente voorsien, moet direk aan die betrokke kweker gerig word en binne 14 dae deur die kweker opgevolg en reggestel word waar moontlik.

3. KLAGTES VERWYS NA WVV

- 3.1 Indien 'n klagte nie bevredigend binne 14 dae onderling opgelos kan word nie, moet die klaer 'n skriftelike klagte by die WVV inhandig.
- 3.2 Alle formele klagtes moet skriftelik deur die WVV erken word en partye betrokke moet skriftelik verwittig word dat 'n klagte ontvang is en ondersoek word.
- 3.3 Alle formele klagtes moet tydens die ondersoek daarvan as streng vertroulik deur alle persone daarby betrokke hanteer word.
- 3.4 Addisionele inligting en bewyse wat benodig word om die ondersoek te doen, kan ingevolge die diskresionêre bevoegdheid van die gesag deur die Sekretaris by die betrokke partye aangevra word.
- 3.5 Indien 'n verdere ondersoek benodig word moet die Sekretaris in oorleg met die Voorsitter van die Tegniëse Komitee 'n ondersoekspan saamstel uit die lede van die Tegniëse Komitee en ander onafhanklike kundiges na gelang van die geval.
- 3.6 Onderzoek moet deur die ondersoekspan ingestel word na die klagte en die kwekery/PVO en produsent moet uitgenooi word om teenwoordig te wees tydens die ter plaatse ondersoek.
- 3.7 Monsters wat geneem word tydens die ondersoek moet in die teenwoordigheid van die betrokke kwekery/PVO en produsent geneem word.
- 3.8 Ontleding van die monsters moet gedoen word deur 'n staatslaboratorium wat by die Raad of die Departement van Landbou geregistreer is om die betrokke toets uit te voer.
- 3.9 Aanbevelings van die ondersoekspan en ander onafhanklike kundiges word aan die Dagbestuur voorgelê ten einde 'n bevinding te maak en verdere stappe te oorweeg.

- 3.10 Bevindinge van die Dagbestuur en enige verdere stappe moet vir bekragting aan die Raad voorgelê word.
- 3.11 Na afhandeling van klagte moet die klaer en partye betrokke skriftelik deur die Raad in kennis gestel word van die bevindinge.
- 3.12 Indien die Raad bevind dat dit 'n geldige klagte is:
 - 3.12.1 moet die sertifisering van die betrokke entkombinasie ingetrek word;
 - 3.12.2 moet die Departement van Landbou daarvan in kennis gestel word;
 - 3.12.3 kan die naam van die betrokke kwekery/PVO in die Staatskoerant gepubliseer word;
 - 3.12.4 sal die geregistreerde kwekery wie se sertifikaatnommer op die sertifiseringsetikette ter sprake is volle verantwoordelikheid aanvaar vir enige ondersoekskoste wat uit die klagte mag spruit.
- 3.13 Indien oortredings begaan is in terme van die Plantverbeteringswet of ander wetgewing kan verdere optrede en vervolgings deur die Departement van Landbou ingestel word teen die oortreder.
- 3.14 Indien dit blyk dat die klagte nie geregverdig was nie, sal die koste van die ondersoek en laboratorium ontledings van klaer verhaal word.
- 3.15 Indien 'n klagte nie tot bevrediging van die klaer opgelos is nie, kan die klaer by die Registrateur van Plantverbetering appél aanteken.

4. LAAT INDIENING VAN OPGAWES

Laat indiening van opgawes, soos deur die Skema bepaal, sal beboet word met 'n administratiewe boete van R1000 vir elke kalendermaand wat die opgawe laat ingedien word.